

hond in de kribbe: zy gebruikten hunne plaatsen zelf niet, ook willeu zy ze niet anderen ten gebruik afstaan".⁽¹⁰⁾

Verdeling van erfgronde was hoofsaaklik die enigste wyse waardeur die kinders wat ook net boere kon word, grond tot hul beskikking kon kry. In baie gevalle het die dele van plase so klein geword dat daarop geen bestaan met die ekstensiewe boerderystelsel gemaak kon word nie. Sulke grondjies is dan verkoop aan persone wat hul grondbesit wou uitbrei en die verkoper het dan nie meer grond besit nie. Tussen die jare 1893 en 1898 is daar 10,419 oordragsbewyse van gedeeltes van plase geregistreer teenoor 3,929 gevalle van hele plase.⁽¹¹⁾ Dit toon die omvang van transaksies in gedeeltes van plase aan. In 1896 het die heer Jeppe in die Volksraad verklaar dat baie jong seuns nie meer 'n bestaan op die erfgrondjies kon maak nie. Baie van hierdie mense het hul gronde verkoop en na Johannesburg gekom om iets daar te probeer doen.⁽¹²⁾

Gebrek aan grondbesit was een van die belangrikste oorsake vir verarming van die boerende bevolking. Die Transvaalse boer het sy onafhanklikheid en selfstandigheid hoofsaaklik deur sy grondbesit gehandhaaf. Verlies van sy grond het hom van sy selfvertroue en volhardingsvermoë beroof. Solank die boer sy grond behou het, het hy daarin 'n element van versekering gehad wat hom van oorgawe aan hulpelose armoede weerhou het. Ongelukkig het baie burgers dit nie vroegtydig besef nie en geleenthede verlore laat gaan om 'n anker te bekom in sy stryd. Eers toe grondpryse hoog was en die ekonomiese waarde van grond en die boerderybedryf besef is, het mense ontwaak. Dit was egter reeds te laat.

(10) Uitgawe van 16 Maart 1895.

(11) Verslag van die registrateur van aktes vir die betrokke jare.

(12) Notule van die Eerste Volksraad, art. 534, 8 Junie 1896.

TRANSVAAL EN DIE TWEDE BASOETO-OORLOG

deur

F. A. VAN JAARVELD

1

DIE jare 1865 — 1868 sal in die geskiedenis van die Republikeinse Noorde altyd bekend wees as 'n tydperk van worsteling met naturellestamme wat hom van al kante bedreig of ingeval het. Hoewel die ou ideaal van vereniging van die twee Republieke finaal van die baan was, sou omstandighede hul dwing om saam te werk, 'n samewerking wat as gevolg van verskillende omstandighede nie na wens was of veel vrugte afgewerp het nie.

Jan Brand is in Januarie 1864 as president van die Vrystaat ingesweer. Almal het op „een nieuw en schoon tijdperk” gehoop en Brand het die hoop uitgespreek dat verdeeldheid en onenigheid sou plek maak vir liefde en eendrag.⁽¹⁾ Hy het gou ingesien dat hy nie die staat op hegte grondslae kon stel indien die Basoetos die grens voortdurend verontrus nie. Teen die middel van dieselfde jaar is M. W. Pretorius as president van die Suid-Afrikaanse Republiek ingesweer en ook onder sy leiding het die burgers op ’n „nuuwe en betere toekomst” gehoop.⁽²⁾ Ook hy het die ideaal gekoester om sy „zoo zeer verachterd land weer op eene regte koers te brengen”.⁽³⁾ Hier het hy die Burgeroorlogperiode van 1860 — 1864 in die oog gehad, ’n tydperk wat die kragte van die Republiek verswak, sy skulde vergroot, die bevolking laat verarm en demoraliseer het en wel tot so ’n mate dat die President moes pleit vir eensgesindheid en broederlike liefde wat die tweedrag, vyandelikheid en partysug moes vervang.⁽⁴⁾

Die burgeronluste het die aandag van die grense afgelei waardeur die natuurlike kans gekry het om hulself te versterk. Agent De Beer, van Lydenburg, was reg toe hy die President berig het dat deur die twiste „de naam van de Afrikaansche Natie verlooren is en daarmede ook de vrees voor hetzelfde by de Naturellen”.⁽⁵⁾ Die Republiek het die toestand met besorgdheid gadeslaan en in Maart 1864 het ’n Transvaalse Kommissie in Bloemfontein verduidelik dat die „rondom ons wonende Kaffernatien byna allen met elkander verbonden zijn en het daarom te meer noodig is dat onze staten zich ook verbinden om elkander behulpzaam te zijn en in oorlogen met de Kaffernatien voornamelijk één te zijn”.⁽⁶⁾ Ook is hulp gevra teen die kapteins Mapog en Maleeu wat Lydenburg geplunder en verontrus het. Voordat die Vrystaat iets kon doen, het die gevaar gewyk. President Pretorius was oortuig dat daar noue samewerking was tussen Mosjesj, die aarts-vyand van die Vrystaters en die Transvaalse naturellestamme. Daarom het hy aanleuning by President Brand gesoek en hom voortdurend met die toestand in die Z.A.R. op hoogte gehou. Hy het Brand gevra om sake so te lei dat die twee Republieke nie tegelykertyd met die natuurlike in oorlog gedompel word nie.⁽⁷⁾ Verder het hy voortdurend van die

NOTA: Die R-stukke berus in die *Pretoriase Argief*, ook wat met SS aangedui word. Die G.S.-stukke is van die *Argief in Bloemfontein*.

- (1) *De Tijd*, 27-1-1864. Verslag van inswering.
- (2) *Het Volksblad*, 18-6-1864. Verslag van verrigtinge.
- (3) G.S. 1294, M. W. Pretorius aan Brand, 16-7-1864.
- (4) *Suid-Afrikaanse Argiefstukke (Transvaal) nr. 5*, bls 20 en 21: Aanspraak van President Pretorius op 9-5-1864. (Voortaan aangehaal as S.A. Arg. (Tvl.) 5).
- (5) R 672/64. Verslag van J. de Beer aan M. W. Pretorius op 22-8-1864.
- (6) R 205/64 en Uitv. Raad Oranje Vrystaat, 11-4-1864 (U.R. O.V.S.).
- (7) G.S. 1294, M. W. Pretorius aan Brand, 23-5-1864 en 16-7-1864. (Confidentieel).

toegeneëtheid van sy staat teenoor die Vrystaat gepraat.⁽⁸⁾

President Brand wat die komende oorlog met die Basoetos voorsien het, het beloop om alles in sy vermoë te doen om die goeie verstandhouding tussen die twee state te bevorder.⁽⁹⁾ „Wij zijn toch allen Afrikanen door hechte banden van vriendschap en bloedverwantschap, door taal en gewoonten, innig aan elkander verbonden” het hy geskryf,⁽¹⁰⁾ woorde wat vir Pretorius strelend was. In sy aanspraak het President Brand dit aan die oorweging van sy Volksraad gegee of hulle nie „een tractaat van vriendschap” met die Suster-republiek moes sluit nie en die President is opgedra om voelhorings na Pretoria uit te stoot.⁽¹¹⁾ In April 1865 is die saak van ’n verbond of traktaat ook in die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. ter sprake gebring maar die uitbreek van die Tweede Basoeto-oorlog het die onderhandelings deursny en die twee Republieke onklaar betrap.

2

OP die oorsake van die Tweede Basoeto-oorlog hoef hier nie breedvoerig ingegaan te word nie. Genoeg om te meld dat die Basoeto's deur stelselmatige voortdringing en nedersetting op blanke gebied die grensbewoners so geterroriseer en beroof het dat verarming, omswerwing en gegriefdheid teen die Owerheid ingetree het.⁽¹²⁾ Toe Lesaoana geweier het om hom oor die grense van die Vrystaat te begeef en Malapo en Moperi met uittartende veediefstalle vorendag gekom en bowendien drie burgers gearrester het, het ’n senuagtige en paniekerige stemming hom van die grensboere meester gemaak en op 9 Junie 1865 was hul President verplig om Mosjesj die oorlog aan te sê. Daarmee het die staat ’n baie ongelike stryd begin. Sonder veel hulpbronne en met weinig burgers sou hulle teen ’n mag wat ten minste vyf keer soveel krygers as die Vrystaat gehad het, en boonop met gewere en perde toegerus was, te staan kom. Die staat het daarom na die buurlande om steun uitgesien. Omdat Sir Philip Wodehouse die neutraliteit van die Britse kolonies as beginsel gestel het, was die Vrystaat slegs op die Suster-republiek aangewys. Brand het geredeneer dat ’n verenigde kommando die oorlog gou kon laat beëindig. Op 9 Junie 1865 het hy ’n

(8) G.S. 1294, Pretorius aan Brand, 10-1-1865.

(9) R 53/65, Brand aan M. W. Pretorius, 12-1-1865.

(10) R 111/65, Brand aan Pretorius, 25-1-1865.

(11) *Volksraadnotule Oranje-Vrystaat* (voortaan verkort as Vr. Not. O.V.S.) 6-2-1865 en 14-2-1865; Aanspraak van President Brand, punt 18; Uitvoerende Raad Z.A.R. (voortaan U.R.Z.A.R.) 5-4-1865.

(12) G.S. 942, J. J. Fick aan President Brand 16-3-1865; V.R. 208, bl. 401. Vir besonderhede oor die Vrystaatse kant van die Tweede Basoeto-oorlog kyk by J. J. G. Grobbelaar: *Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk*. (Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis 1939, deel I).

dringende skrywe aan President Pretorius gerig waarin hy om die koms van Paul Kruger met ten minste 500 man aandrings.⁽¹³⁾

Die versoek het die Z.A.R. op 'n baie ongeleë tydstip bereik. Waarvoor Pretorius gevrees het, het gebeur en seker ook nie toevallig nie. Dit skyn of Mosjesj die Transvaal van die Vrystaatse brand wou weghou deur die vure oral op die grense van eersgenoemde staat aan te blaas. Van alle kante het berigte en gerugte van opstand en inval die Hoofstad bereik. Van die suidwesgrens is „onstuimigheid” gerapporteer⁽¹⁴⁾ en 'n soortgelyke berig het van die wesgrens by Sechele binnegekome.⁽¹⁵⁾ Zoutpansberg het dringend om hulp versoek⁽¹⁶⁾ en Lydenburg was paniekerig oor die uittartende Mapog⁽¹⁷⁾ terwyl onheilspellende skrywes uit Wakkerstroom en Utrecht die staat daarvan bewus gemaak het dat sowat 20,000 Zoelokrygers gereed vir 'n inval was.⁽¹⁸⁾ Voordat hulp aan die Vrystaat verleen kon word, moes die eie huis eers beveilig word sodat voorlopig slegs goeie wense oor die Vaal gestuur is.⁽¹⁹⁾ Dadelik is twee kommissies uitgestuur: een na Zoutpansberg en die ander na die Zoeloe-grense, terwyl die President self na die wesgrens is om Mahoera tot rus te probeer beweeg.⁽²⁰⁾ Vrystaatse burgers wat krygsdiens wou vryspring en die Vaal deurgevlug het, is verhinder terwyl die eie burgers wat in die Bosveld op wintertrek was, beveel is om terug te keer.⁽²¹⁾ Ook is ondersoek ingestel na die wapen- en ammunisie-voorrade waaraan daar wel gebrek was. Op 9 Junie 1865 het die Uitvoerende Raad vir Paul Kruger, die Kommandant-generaal, beveel om met 'n kommando na Utrecht af te trek en te verhoed dat 'n Zoeloe-inval plaasvind, terwyl die bevel oor burgers na Zoutpansberg aan kommandant M. Schoeman oorgelaat is. Toe gunstiger berigte van daardie streek die Regering bereik het, is kommandant Schoeman gevra om na Pretoria terug te keer om die belange van die Vrystaat te bevorder. Die distrik Rustenburg moes ook vir die doel uitgehou word.⁽²²⁾ Toe gunstiger berigte ook uit Utrecht ontvang is,⁽²³⁾ het Pretorius gemeen dat sy weg skoon was om vrywillige hulp aan die Vrystaat te verleen.

(13) R 668/65, Brand aan Pretorius, 9-6-1865.

(14) R 402/65, C. J. H. Coetzee aan M. W. Pretorius, 5-4-1865.

(15) R 752/65, 4-7-1865.

(16) U.R. Z.A.R., 8-6-1865 art. 19.

(17) R 505/65, Brief van Kommandant P. J. Coetzer, 29-4-1865.

(18) R 700/65 en U.R. Z.A.R. 9-6-1865 art. 21.

(19) R 700/65 Landdros Otto aan President Brand, 15-6-65; G.S. 1292, M. W. Pretorius aan Brand, 11-6-1865.

(20) R 729/65, S. J. Meintjies aan H. v. d. Linden, 27-6-1865.

(21) SS 2702 nr. 48, M. W. Pretorius aan C. J. H. Coetzee, 17-5-1865, U.R. Z.A.R. 6-7-1865 art. 2.

(22) R 807/65, M. J. Viljoen aan M. W. Pretorius, 27-6-1865; en H. v. d. Linden aan M. W. Pretorius, 22-6-1865; U.R. Z.A.R. 18-6-1865 art. 19.

(23) R 720/65, M. W. Pretorius aan M. J. Viljoen, 24-6-1865.

Die Transvaalse President het die hulpgeroep van die Vrystaat baie ernstig opgeneem. Vir hom was dit 'n kwessie van eer om die Susterstaat te help. Hy het besef dat as dit met die Vrystaat skeef afloop, „zeer nadeelige” gevolge vir die eie Republiek daaruit kon voortvloei. Die verbindingsweë met Natal kon afgesny word, wat 'n lewenskwestie vir die Transvaal was. Ook sy land het al onder die Basoetos gely en daarby was die twee state „op het nauwste verbonden.” As die „algemeenen vyand” nie deur samewerking ten onder gebring word nie, en sou die Vrystaat verloor — „wat moet er dan van dezen staat worden?” Plunderinge sou hulle huisgesinne voor die deur staan en hulle besittinge „reddeloos verlooren” wees. Kon daar betyds hulp verleen word en Mosjesj die nederlaag ly — ander stamme sou dan so afgeskrik word, dat die vrede deur die hele land sou terugkeer. Selde het 'n staatsman sy burgers so ernstig vermaan om die belange van die Vrystaat ter harte te neem en te toon dat „uw vaderland u dierbaar is.” Die offisiere het 'n rondskrywe ontvang en aan die burgers is 'n spesiale woord van aanmoediging gerig om as vrywilligers op te trek: „Op dan, op dan broeders, op dan medeburgers, verleent hulp, waar het gevaar dreigt, komt op zoodra slechts mogelijk is, aarzelt niet, wacht gij, misschien is het voor altijd te laat — Slaat de handen ineen. Snel vrijwillig uwen broeders ter hulp en strijdt aan hunne zijde”.⁽²⁴⁾ Die Uitvoerende Raad het die beleid van Pretorius onderskryf en alle invloed moes gebruik word om die land aan te moedig. Op 15 Julie is die burgers op Potchefstroom verwag.⁽²⁵⁾ S. T. Prinsloo het aangebied om die vrywilligers te organiseer en af te trek.

Intussen het 'n stroom jammerklagte en noodkrete uit die Vrystaat aangespoel. Landdros O. Truter en W. G. Clark, van Kroonstad, het hulle bekla oor die bende Basoeto's wat deur die gapinge tussen die Vrystaatse kommando's deurgeglip en die land wyd en syd afgestroop, huise in puin gelê, geplunder en gemoor het.⁽²⁶⁾ Daar was ekstra hulp nodig om die vrouens en kinders wat in laers moes staan te beskerm en die vee op te pas. Clark was van mening dat „de zekerheid dat uwe manschappen aan het doorkomen zijn, met zoo eenen man als Paul Kruger aan het Hoofd, zou de vertrouwenheid doen herleven.” President Brand wat in die veld was om die burgers aan te moedig, het van Smithfield vir die tweede keer aan Pretorius geskryf om hom tot 'n kragtiger houding aan te spoor. Hy het dié keer om 1,000 man versoek. „Als landgenoot, als goed Afrikaan weet ik dat ik rekenen kan op u, Paul Kruger, en de andere dappere Afrikanen . . . Haast u, want de tijd is

(24) R 720/65, M. W. P. aan M. J. Viljoen, 24-6-1865; Suppl. Stukke 1865 nr. 68; R 718/65, M. W. Pretorius aan die burgers van die Z.A.R., 26-5-1865.

(25) U.R. Z.A.R., 27-5-1865 art. 3 en R 718/65. Ook U.R. 28-6-1865 art. 4.

(26) R 717/65 Brief van Truter aan M. W. P., 24-6-1865 en R 718/65 Brief aan Clark, 24-6-1865.

kostbaar." Hy wou hê dat die Transvaal Malapo moes aanpak en dat Thaba Bosigo uiteindelik omsingel moes word.⁽²⁷⁾ Ook vir die vrouelaer aan die Sandrivier is om hulp versoek. „Onmiddelijke hulp ten spoedigste verleend" — dit sou landdros Truter drie dae later aanvra. Opgawes van moorde, van veeverliese, van lyding, angs, honger en benoudheid, nood, ellende — dis die Transvalers voortdurend voor oë gehou. President Brand het gereeld verslag van die afloop van sake uitgebring. Op 3 Julie skryf hy weer: „Beste vriend. Ik ben regt verblijd dat gij en anderen zoo veel deel neemt met ons".⁽²⁸⁾ Dit was toe al byna 'n maand nadat hulp gevra is.

Pretorius het daarop laat weet dat as die Zoeloedreiginge ophou en die rus op die suidoostelike grense intree, Paul Kruger sy kommando na die Vrystaat kon deurneem. Daar was 'n tekort aan gewere en perde. Die Uitvoerende Raad het weer eens die offisiere opgedra om soveel moontlik vrywilligers te werf.⁽²⁹⁾ Hoewel President Pretorius dolgraag wou help, was hy magtelos om die burgers in beweging te bring. Die staat het 'n skouspel van onmag, onwil en politieke onvermoë aan die dag gelê, wat die Vrystaat pynlik opgeval het. Die binnelandse teëstellings van vroeër het nog bly narommel niteenstaande die President se beroep om die gees van defaïtisme in die boesem van die volk te verslaan. Van alle kante is berig ontvang van gebrek aan samewerking,⁽³⁰⁾ onwilligheid en ongehoorsaamheid,⁽³¹⁾ verdeeldheid⁽³²⁾ en partyskappe.⁽³³⁾ Miskien was die burgers teësinnig om so gou weer in die veld te gaan na die burgeroorloë van vroeër, miskien was daar boerderybelange om te behartig, miskien was daar die vrees dat hulle in die rug aangeval kon word as hulle die eie land verlaat. Ander weer het later oor hul armoed gekla. Die eerste poging om vrywilligers uit te kry, het misluk.

3

TWEE gebeurtenisse wat die werklikheid van die véraf oorlog nader aan die burgers gebring het was die berugte Basoeto-moord op die familie Pretorius en die berig van Paul Kruger dat 'n Zoeloe-inval op hande was. Wat die eerste aanbetref: 'n Geselskap bestaande uit Pieter Pretorius, 'n oom van die Transvaalse President, sy drie seuns Jan, Albertus en Koos, en ene Andries Smit, die vrou van Jan en

(27) R 718/65, Brand aan Pretorius, 25-6-1865.

(28) R 718/65, Brand aan M. W. P., 3-8-1865.

(29) U.R. Z.A.R., 6-7-1865 art. 2.

(30) U.R. Z.A.R., 31-3-1865 art. 115.

(31) R 807/65, Skrywe van J. C. Steyn, Losberg, 25-6-1865.

(32) U.R. Z.A.R., 3-6-1865 art. 115.

(33) R 807/65, H. v. d. Linden aan M. W. P., 22-6-1865.

haar twee kindertjies en 'n aantal kleurlingbediendes was uitgespan op die transportpad van Durban na Pretoria met 'n vrag negosieware vir die firma Munroe. Dit was op die plaas Sterkspruit sowat 'n halfmyl van die Natalse grens in die distrik Harrismith. 'n Afdeling Basoetos van Malapo onder Ramanela het die waens omsingel en die mans op 'n verraderlike wyse om die lewe gebring. Die vrou en twee kindertjies is na Basoetoland gevoer en op die „wreedaardigste wyse” behandel. Onderweg het die wa by Rensburgkop gebreek. Die negosieware is vernietig of op pakperde gelaai en die vrou aan haar lot oorgelaat. Na ontsettende ontbering het sy eindelijk by Harrismith uitgekóm waar die landdros die lyke laat opsoek en begrawe het.⁽³⁴⁾ Hercules Pretorius het gemeen om deur die gruweldaad die burgers van die Z.A.R. te beweeg om die Vrystaat te hulp te kom en die gemeenskaplike vyand ten onder te bring. Hy het verduidelik dat die stamme in die Z.A.R. almal die oë op Mosjesj gerig hou en sy nederlaag sou die rus herstel. „Komt dan ten stryde! O! denke wij niet alleen aan ons zelve; maar ook aan onze broederen in den Oranje Vrijstaat”.⁽³⁵⁾

Die Regering het rede gehad om die toestand weer onder die aandag van die burgers te bring. Op 3 Julie is assistent-kommandant-generaal J. Viljoen beveel om opnuut vrywilligers op te roep en President Pretorius wat bevind het dat die Wesgrens aan die kant van Mahoera stil was, het daarop gestaan dat „ten spoedigste” hulp aan die Vrystaat verleen word. Die hele land is opgewek om af te trek.⁽³⁶⁾ Dringend het hy verduidelik dat as die Susterstaat die stryd verloor dit ook met die eie Republiek gedaan sou wees. Hy het selfs vergaderings oor die toestand gehou.⁽³⁷⁾ Die President het die kommando na Zoutpansberg afgelas⁽³⁸⁾ maar die bedreigde streke Zoutpansberg en Utrecht-Wakkerstroom in laers laat bring sodat die binnekantse burgers vry kon wees om na die Vrystaat te gaan. Die Vrystaat is van die nuwe poging in kennis gestel.⁽³⁹⁾

Ook hierdie kraginspanning sou nie veel oplewer nie. Die offisiere het hul bes geprobeer om die mense weg te kry. Sarel Eloff moes egter rapporteer: „Niemand wel gaan om reede zeg hulle, dat de Kaffer schijn hier klaar te zijn tot een enval”.⁽⁴⁰⁾ Op 11 Julie kon S. T. Prinsloo

(34) Vir besonderhede vgl. F. A. van Jaarsveld: 'n Afrikanervrou in die *Tweede Basoeto-oorlog* in *Die Huisgenoot* 15-10-1948. Verder: R 731/65, R 756/65, R 726/65, R 990/65, R 971/65, R 978/65, R 1002/65, R 1006/65, U.R. O.V.S. 3-8-1867.

(35) *Staats-Courant* (Z.A.R.), 4-7-1865 en 11-7-1865.

(36) U.R. Z.A.R. 3-7-1865 art. 2; SS 2702 Br. Bk. President, nr. 59. M. W. Pretorius aan H. v. d. Linden, 5-7-1865; SS 2700 nr. 1102, aan landdros P. J. van Staden, Rustenburg en veldk. S. Eloff, 8-5-1865.

(37) SS 2700 nr. 1109, M. W. Pretorius aan Kommando's, 11-7-1865.

(38) SS 2700 nr. 1107, M. W. Pretorius aan S. T. Prinsloo, 11-7-1865.

(39) R 718/65, wnd. landdros Pretorius aan Goew. Sekr. O.V.S., 8-7-1865.

(40) R 767/65, S. Eloff aan M. W. Pretorius, 11-7-1865.

die Regering meedeel dat hy slegs drie burgers kon vind. Die Raad het sy teleurstelling uitgespreek oor die „traagheid” van die burgers en andermaal die land op die „dreigend gevaar” gewys.⁽⁴¹⁾ Verder is geoordeel dat Kruger liever met die kommando van Utrecht moes terugkeer omdat die omstandighede nie ’n oorlog teen die Zoeloes toegelaat het nie.

Paul Kruger wat intussen met sowat 300 man na die Zoeloe-grens is, het op 10 Julie verontrustende rapporte oor die toestand ingestuur. Hy was oortuig „dat Cetchswayo met Moshesh zamenspant en slechts op de gelegenheid wacht om een inval te maken”. Hy het burgers en ammunisie waaraan daar ’n gebrek was, aangevra en versoek om die krygswet af te kondig.⁽⁴²⁾ Twee kanonne en ten minste 3,000 pd. kruit was nodig. Die burgers is in laers gebring. Dan is gerapporteer dat 1,000 Basoetos aan die oorkant van die Molenrivier klaar was om waarskynlik vir Ketswajo „een pad open te maken.” Feit is dat die Zoeloes barakke op die grense gehad het waar jong krygers geoefen is. Dit val moeilik om te sê in hoeverre daar afsprake tussen die Zoeloes en die Basoetos was. Dis moontlik dat Mosjesj die aandag van die Pretoriusmoord wou aflei sowel as van die hernieude poging om vrywilligers na die Vrystaat te stuur. Op 12 Julie rapporteer Kruger weer dat ’n Zoeloe-impie op die grense rondgaan en dat Ketswajo al sy manskappe opgeroep het.⁽⁴³⁾ Hy het aanbeveel dat die ganse land in laers moes trek en dat die burgers „in vereeniging met de Vrijstaaten verplichtend zijn van een punt te beginnen.” So kon die land van die natuurlike-gevaar gered word. Hy kon nie met sekerheid vasstel „wat uur de Zulus zal beginnen.” Almal sou moes meewerk „onze leven te behoeden”.⁽⁴⁴⁾

Tot oormaat van ramp kom daar ook nuus dat die Basoetos aan die Watervalrivier by veldkornet A. Goosen ingeval het. Daardeur was die wyk Roode Koppen in ernstige gevaar.⁽⁴⁵⁾ Ook uit ander landsdele kom soortgelyke berigte in. Gedurende Julie is van die wesgrens mededeling van onrus en ’n verwagte inval gedoen,⁽⁴⁶⁾ en van die noorde is die toestand as „ellendig” gerapporteer.⁽⁴⁷⁾ Ass. kmdt.-genl. M. Schoeman wat orde op sake daar moes gaan instel, wou toe die distrikte Waterberg en Rustenburg na die noorde kommandeer, maar tot sy spyt was hulle reeds weg na Utrecht. Ook in die noorde was ’n tekort aan ammunisie — iets wat die Regering nie kon voorsien

(41) U.R. Z.A.R. 11-7-1865 art. 6.

(42) R 763a/65, Verslag van Paul Kruger aan M. W. Pretorius, 10-7-1865.

(43) R 775/65, Paul Kruger aan Pretorius, 12-7-1865 vanaf Schuilhoek.

(44) R 783/65.

(45) SS 2700 nr. 1125, M. W. Pretorius aan S. Eloff, 20-7-1865; R 807/65, J. J. Hofmann aan M. W. P., 31-7-1865, S. T. Prinsloo aan Hofmann, 30-7-1865; U.R. Z.A.R. 2-8-1865.

(46) R 818/65, Wnd. landdros D. L. Botha van Marico.

(47) SS 2702 nr. 70, M. W. Pretorius aan M. J. Viljoen, 30-7-1865.

nie. Daar is gevoel dat die distrik Zoutpansberg op die punt staan om vir die Republiek verlore te gaan. „Van alle kanten” is die Republiek deur „vijanden bedreigt”.⁽⁴⁸⁾ Uit die Vrystaat het President Brand die toestand ook donker ingesien en „met groot verlange” na die beloofde Transvaalse hulp uitgesien. Dit het s.i. „allernoodzakelijkst” geword dat die Republieke mekaar bystaan.⁽⁴⁹⁾

Onder sulke omstandighede was die Regering verplig om op 20 Julie 1865 die *krygswet* te proklameer,⁽⁵⁰⁾ wat groter mag aan die staat verleen het. Brand is daarop in kennis gestel dat dit „wel degelijk” die bedoeling was om „hand aan hand” met die Susterstaat te werk.⁽⁵¹⁾ President Pretorius het gelas dat oral vergaderings gehou moes word om die volk met „de toestand van onze mede Broeders en lant genooten” op hoogte te bring en hyself is na Rustenburg om die burgers aan te moedig. Die hele land is op oorlogsvoet georganiseer: die buitenste distrikte is in laers gebring wat as ’n soort ringmuur teen aanvalle van buite kon dien, terwyl die binneste mense uitgeroep is na Wakkerstroom. Waarnemende offisiere moes die laers beskerm. Gekommandeerdes van die binne-distrikte Rustenburg, Pretoria en Potchefstroom moes op Heidelberg saamtrek.⁽⁵²⁾ ’n Wag is aan die Vaalrivier geplaas om paraat teen die Basoetos te wees en Suikerboschrand-Roodekoppen is ook in laers georganiseer.⁽⁵³⁾ Die burgers het toe eers „op strepe” uit die Bosveld teruggekeer waar hulle winterverblyf gehou het.⁽⁵⁴⁾ Die Republiek het probeer om die Zwazies teen die Zoeloes aan te set maar hul opperhoof, Umzwaas, is dood en daar was ’n stryd om die opvolging.⁽⁵⁵⁾ Die bevriende hoofde van Rustenburg, Makkapan en Saul, ten getalle van 102 gewapen met 135 gewere is na Paul Kruger afgestuur.⁽⁵⁶⁾ Van die winkeliers op Heidelberg, Pretoria en Rustenburg is ammunisie gekommandeer en na die bedreigde punte versend. Daar kon egter nie voldoende hoeveelhede verkry word nie.⁽⁵⁷⁾ Die sake van Zoutpansberg was so ernstig dat besluit is dat dié wat nog nie na die suide weg was nie, onmiddellik na die noorde moes gaan. Gelukkig het Waterberg nog 100 man gehad waarvan 75 na Utrecht gestuur

(48) R 831/65, Verslag van M. Schoeman aan M. W. Pretorius, 27-6-1865; U.R. Z.A.R. 11-7-1865 art. 8; 31-7-1865 art. 1.

(49) R 718/65, Brand aan Pretorius, 14-7-1865.

(50) *Staats-Courant* (Z.A.R.), 1-8-1865.

(51) G.S. 1292, Wnd. land. P. Pretorius aan Brand, 24-7-1865.

(52) SS 2700 nr. 1125, M. W. Pretorius aan S. Eloff, 20-7-1865.

(53) SS 2702 nr. 70, M. W. Pretorius aan M. J. Viljoen, 30-7-1865; R 841/65; R 850/65.

(54) SS 68 Suppl. Stukke 124, M. Viljoen aan M. W. Pretorius, 2-8-1865.

(55) R 815/65, J. M. de Beer aan Uitv. Raad, 16-7-1865.

(56) SS 2700 nr. 1142, M. J. Viljoen aan Paul Kruger, 27-7-1865.

(57) R 841/65; SS 2702 nr. 68 M. W. P. aan P. Kruger, 27-7-1865; R 846/65.

is en 25 na Zoutpansberg.⁽⁵⁸⁾ In Pretoria het S. Schoeman 'n „Rifle Corps” tot stand gebring om van diens aan die Republiek te wees.

Selfs onder krygswet was die burgers traag om hul verskyning te maak en die Vrystaat te gaan help. Wnd. Kmdt. Hoffman van Losberg kon geen enkele uitkry nie,⁽⁵⁹⁾ en veld. H. J. Viljoen het dieselfde gerapporteer — die rede: die „onvermoë” of armoede van die burgers, wat skaarste aan kos, klere en perde gehad het.⁽⁶⁰⁾ Van Gatsrand is slegs 13 burgers na Heidelberg.⁽⁶¹⁾ Weer is bevel gegee om te kommandeer. Pretorius het die land afgereis om die vuur aan te blaas. Vir hom was dit „een bittere zaak . . . om de burgers uit te krijgen.” Aan Kruger skryf hy, dat hy met die „roede” op hulle moes bly. Weer eens het hy gestel dat Mosjesj „moet uitgeroeid worden” want as hy ten onder gebring is, sou „er vrede in onze land heerschen.” Indien die toestand dit toelaat, moes Kruger na die Vrystaat deurtrek en Malapo aanval.⁽⁶²⁾ Dit was op 27 Julie. Per toeval het President Brand op die 28ste sy blydschap uitgespreek dat die Z.A.R. so „hartlik” in die welvaart van die Vrystaat deelneem en so „kragtig” meewerk om te help!⁽⁶³⁾

Kruger van wie soveel sou afhang, het steeds nog op versterking aangedring, maar intussen 'n Kommissie na Panda en Ketswajo gestuur om uit te vind wat hulle in die skild voer. Op 31 Julie kon hy met die verblydende nuus kom dat die kapteins die versekering gegee het dat hulle slegs die vrede begeer en dat die impi's opgeroep was om 'n „Meid-kaptein” aan die anderkant van die Zwazies te gaan straf.⁽⁶⁴⁾ Dit het die baan vir hulp aan die Vrystaat eindelijk oopgestel. Die Republiek het 'n sug van verligting geslaak. Kruger wou dat die kommando onder hom dadelik na die Susterstaat sou gaan, maar daarin was hy teleurgestel. Een na die ander het sy burgers gedros — huis toe!⁽⁶⁵⁾ Daarop het hy die kommando self huis toe gestuur, maar hul moes hul vir die eerste oproeping gereed hou. Al het die burgers nie onmiddellik deurgetrek nie — hulle het tog 'n groot diens aan die Vrystaat betoon deur die Zoeloes se aandag van die Vrystaat af te lei.

(Word Vervolg.)

(58) SS 2700 nr. 1150, Wnd. Pres. M. J. Viljoen aan M. W. Pretorius, 2-8-1865; SS 68 Suppl. Stukke nr. 123, M. J. V. aan M. W. P., 1-8-1865; SS 2700 nr. 1148, H. v. d. Linden aan M. W. P., 1-8-1865; R 846/65; U.R. Z.A.R. 31-7-1865.

(59) R 807/65, J. J. Hofmann aan M. W. P., 31-7-1865.

(60) SS 68 Suppl. St. 1865 nr. 115, Verslag H. J. Viljoen, 17-7-1865.

(61) R 807/65, J. J. Hofmann aan M. W. P., 26-7-1865.

(62) SS 2702 nr. 68, M. W. P. aan P. Kruger, 27-7-1865, nr. 62, M. W. Pretorius aan veldk. Furstenberg, Kroonstad.

(63) G.S. 1645, Brand aan Pretorius, 28-7-1865.

(64) R 847/65, Paul Kruger aan M. W. Pretorius, 31-7-1865.

(65) R 807/65, Paul Kruger aan M. W. Pretorius, 28-7-1865.